higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INHOUD IN MULTIMEDIA
NKR VLAK 3

(10040173)

7 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... lyne dui op vroulikheid, elegansie, weerloosheid en broosheid.

A Dik
B Sigsag-
C Horisontale
D Dun

1.2 Die proses waarvolgens 'n analoogsein in digitale data omgeskakel word, staan as ... bekend.

A aflaai
B digitisering
C algoritme
D stroming

1.3 'n Toestel- of rekenaarprogram wat in staat is om 'n digitaledata-stroom of -sein te enkodeer of te dekodeer:

A Artefak
B Bistempo
C Bandwydte
D Kodek

1.4 'n Tekslêer kan in 'n ...-formaat gestoor word.

A .wav
B .mp3
C .docx
D .mp4

1.5 'n ... is 'n kort beskrywing van die intrige van 'n film wat gebruik word om die film te bemark.

A Reklameteks
B Artikel
C Advertensie
D Promosie

1.6 Sodra 'n hangende inkeping ingevoeg word, word die ... van die kantlyn af beweeg.

A hele dokument
B eerste reël in 'n paragraaf
C eerste paragraaf, buiten die eerste reël
D eerste paragraaf

Kopiereg voorbehou

1.7 Multimedia-inhoud kan op elektroniese toestelle soos ... geskep word.

A e-lesers
B tablette
C skandeerders
D mikrofone

1.8 Die multimedia-inhoud in die náproduksiefase van 'n multimediaprojek word bymekaargesit en as een projek geredigeer. Dit word ... genoem.

A teksskrywing
B aksiebeplanning
C bemeestering
D outeurskap

1.9 Wanneer 'n oudiobaan aan 'n videobaan gekoppel word, word dit ... genoem.

A sinchronisering
B oplaai
C redigering
D toevoer

1.10 Die grootte van 'n digitale video op die hardeskyf van 'n rekenaar word in groot mate deur die ... bepaal.

A sleutelraamafstand
B skermskandering
C voorafstelling
D bistempo

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1 In tipografie is die mediaan die denkbeeldige lyn wat die *x*-hoogte van die karakter van 'n lettertipe omskryf.

2.2 'n Sans Serif-lettertipe is 'n lettertipe met klein lyntjies aan die einde van die letterhale.

2.3 Die meesterbladsy is 'n profielvorm (*template*) waarop al die bladsye in 'n dokument gebaseer word.

2.4 A2 is die standaardgrootte van 'n pamflet.

2.5 Die .mp3-formaat is 'n algemeen gebruikte videoformaat.

Kopiereg voorbehou

2.6 Die 5.1-klankbaan staan ook as omringende klank (*surround sound*) bekend.

2.7 Al die kunswerk in 'n e-boek word in hoëdefinisie-modus voorberei en gestoor.

2.8 Outeurskapsagteware maak die skepping van interaktiewe programme moontlik.

2.9 Kleurverandering is een van die effekte wat op 'n video toegepas kan word.

2.10 'n Monochroomkleurpalet bevat verskillende kleure.

2.11 'n Digitale sein is 'n elektriese sein wat voortdurend in sterkte wissel namate dit met die een of ander vorm van toevoer verband hou.

2.12 Tydens die voorproduksie van 'n film word 'n deurlees van die teks gewoonlik uitgevoer en deur die spanlede bygewoon.

2.13 Storieborde word gewoonlik in die náproduksiefase van 'n verfilming opgestel.

2.14 Prototipes word tydens die werklike produksie geskep.

2.15 'n Demonstrasieband is 'n voorbeeld van 'n prototipe vir die musiekbedryf.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1 (Visuele/Fisiese) tekstuur is tekstuur wat jy kan sien maar nie kan voel nie.

3.2 In animasie bespaar 'n (opeenvolging/simbool) werk deur duplisering toe te laat.

3.3 Die meeste videosamedrukking (*compression*) is (verlieserig/verliesloos).

3.4 (Biblioteke/Lae) word gebruik om algemeen gebruikte items in publiserings-agteware te stoor.

3.5 'n Boek se indeks word gewoonlik aan die (agterkant/voorkant) van die boek aangetref.

3.6 Fyn (*thumbnail*) sketse maak deel van die (voorproduksie-/náproduksie-) fase uit.

3.7 'n Reeks illustrasies of beelde wat vir die voorvisualisering van 'n multimediaprojek in volgorde vertoon word, word (aksiebeplanning/-storiebordopstelling) genoem.

Kopiereg voorbehou

3.8 (Afvoer/Enkodering) is die proses waarvolgens seine van een digitale formaat in 'n ander digitale formaat omgesit word.

3.9 (Materiaal/Fragmente) het betrekking op onverwerkte, ongeredigeerde videomateriaal.

3.10 Die standaardgrootte van 'n plakkaat is (A4/A3).

3.11 As jy aan die internet verbind wil word, het jy die dienste van (ISP/Google) nodig.

3.12 Iemand wat 'n (videoredigeerder/animeerder) is, moet ook oor uiters goeie artistieke vaardighede beskik.

3.13 (Skoot/Raam): Die kortste toename van 'n volledige televisiebeeld, gelyk aan een dertigste van 'n sekonde.

3.14 'n Rolprentprototipe is dieselfde as 'n (episode/lokprent).

3.15 Die (teksskrywer/outeur) skryf presies neer wat die akteurs in 'n rolprent moet sê.

(15 × 1) **[15]**

NCV

VRAAG 4

Kies 'n item/woord/beskrywing uit KOLOM B wat by 'n beskrywing/woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Elektroniese publiseringsformaat	A	die dikte van 'n lyn
4.2	Woordverwerkingsformaat	B	verander die ruimte tussen twee spesifieke letters
4.3	Leiding	C	verander die ruimte tussen veelvuldige letters
4.4	Opsporing	D	.rtf
4.5	Tekssaamdrukking (*kerning*)	E	rigied, belangrik
	Dik lyn		
4.6	Vertikale lyn	F	vierhoek
4.7	Lyngewig	G	sterk, kragtig
4.8	Hoekpunte	H	.pdf
4.9	Poligoon	I	pyl
4.10		J	verhoog die vertikale ruimte tussen lyne in die teks
		K	help die pad om van rigting te verander

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5



Skooltydskrifomslag

5.1 Die Akademiese Klub by jou Kollege versoek jou om bogenoemde omslag vir die Klub se jaareind-tydskrifuitgawe te ontwerp.

Noem enige VYF belangrike aspekte wat jy sal oorweeg voordat jy hierdie uitleg beplan of daarmee begin. (5 × 1) (5)

5.2 Bespreek, gegewe 'n ontwerpte uitleg soos die een in VRAAG 5.1 hier bo, enige TWEE verskille tussen 'n *statiese* en 'n *dinamiese* uitleg. (2 × 2) (4)

5.3 Noem enige TWEE logotipes. (2 × 1) (2)

5.4 Bespreek die hoofverskille tussen *animasie* en *film*. Gee voorbeelde van waar elkeen die toepaslikste gebruik kan word. (2 × 2) (4)

5.5 As deel van jou jaareindprojek word daar van jou verwag om 'n animasie van 'n opspringende bal te skep. Verduidelik hoe jy die volgende in jou skepping van die animasie sal gebruik:

5.5.1 Sleutelrame

5.5.2 Tussenrame

5.5.3 Spasiëring

5.5.4 Baan van aksie

5.5.5 'Uieskillery' (om etlike rame gelyktydig te sien)

(5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 6

6.1 Beskryf breedvoerig enige TWEE voordele van digitale video bo analoog-video. (2)

6.2 Jou vriendin, wat nou oorsee bly, wil hê dat jy jou trouvideo moet saamdruk en op YouTube oplaai sodat sy dit ook kan sien.

Bespreek enige DRIE faktore wat jy nodig het om te bepaal wanneer jy die trouvideo kan saampers. (3 × 2) (6)

6.3 Noem enige TWEE videolêerformate. (2)

6.4 Beskryf DRIE kenmerke wat progressiewe skandering beter as geïnterlinieerde skandering maak. (3 × 2) (6)

6.5 Jy moet al jou videosnitte van jou video-opnemer aflaai.

Bespreek die kabels/toerusting wat jy sal benodig om jou video-opnemer aan 'n persoonlike rekenaar te verbind. (3)

6.6 Identifiseer enige DRIE effekte wat op titels van video's toegepas kan word. (3)

6.7 Beskryf enige EEN verskil tussen *verbyrol* en *kruiping* betreffende die titels van video's. (1)

6.8 Noem TWEE tipes oudiobane wat in 'n videoproduksie gebruik kan word. (2)

[25]

VRAAG 7

7.1 Omskryf die term *stromingsmedia* as digitalelewering-stelsel. (2)

7.2 Dui aan waar jy die volgende lêertipes sal gebruik wanneer jy aan 'n projek werk om 'n tydskrif vir tieners te publiseer:

7.2.1 .pdf

7.2.2 .html

7.2.3 .epub

(3 × 2) (6)

7.3 Bespreek, gegewe 'n dokument wat gepubliseer moet word, hoe jy tussen *ink-oorvloei* (*bleed*) en *reëlstaaf* (*slug*) sal onderskei. (2 × 2) (4)

7.4 Terwyl jy besig is om 'n dokument van 45 bladsye op te stel, verduidelik waar jy van 'n *gelaaide merker* (*loaded cursor*) gebruik sal maak. (3)

Kopiereg voorbehou

7.5 Jy moet 'n plakkaat maak. Bespreek hoe jy van 'n *profielvorm* gebruik sal maak en gee minstens een voorbeeld. (3)

7.6 Dui enige DRIE dokumente aan wat met behulp van publiseringsagteware geproduseer kan word. (3)

7.7 Teken enige TWEE simbole wat jy kan gebruik om vloeidiagramme vir 'n koerantprojek te ontwerp. (2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 8

8.1 Jou gemeenskap wil hê jy moet 'n dokumentêre film van die gemeenskap se geskiedenis maak. Jou pligte behels dat jy al die akteurs en die verfilming-span moet kies vir die verfilming van die dokumentêr.

8.1.1 Noem enige VYF lede van jou produksiespan wat jy veral aan die begin van hierdie projek gaan benodig. (5 × 1) (5)

8.1.2 Verduidelik kortliks die rolle van die produksiespanlede wat jy hier bo genoem het. (5 × 2) (10)

8.1.3 Jy moet die prente of beelde opneem.

Stel enige DRIE formate voor waarin jy hierdie beelde op jou rekenaar kan stoor. (3 × 1) (3)

8.1.4 Kies enige DRIE geskikte formate om die projek se klanke op jou rekenaar op te neem. (3 × 1) (3)

8.2 Noem enige TWEE aktiwiteite wat deel van elkeen van die volgende fases uitmaak:

8.2.1 Voorproduksiefase

8.2.2 Beplanningsfase

(2 × 2) (4)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou